

STILTE IS DIE ANTWOORD

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Ken jy daardie groot stilte van die anderkant af as jy met God praat en soms niks terughoor nie. Wel, hier is 'n nuusflits as jy worstel met sogenaamde onbeantwoorde gebede: **Stilte is partykeer presies die regte antwoord.** Die woestyn is dikwels beter as die oase. Hoekom? Wel, daar leer jy om afhanklik van God te wees. Daar leer jy om vas te byt en te volhard. Daar leer jy die sagte fluisterings en die diep teenwoordigheid van God ken.

Stilte is nie 'n "nee" van God se kant af nie. Stilte is wagtyd, rustyd! **Stilte is nie regtig stilte as dit die Here se soort is nie.** Dink mooi hieroor na! By God is stilte juis 'n tyd van leer, soek, bepeinsing en nuwe insigte.

In sulke tye doen jy wat **Psalms 130** sê — dan **wag** jy op die Here. Wag in die Here se voorhowe is nie om op dinge te wag nie. Gebed gaan nie regtig oor versoeke, vrae en antwoorde nie, maar oor God. **Gebed is om net by Hom te wees.** Dis om in 'n **verhouding met Hom** te staan in Jesus se Naam. Dis om God se lof te besing, al wil letterlik alles in jou uitroep dat daar geen rede vir lof is nie. Gebed is om die Here groot te maak. Gebed is om sy skoonheid te beleef en daaroor bly te wees.

Gebedstilte sê nie God is weg of besig met belangriker dinge nie. Hy is naby. Wag op die Here. **Wag totdat jy Hom in die stilte hoor. Nee, wag totdat jy God se soort stilte hoor.** Dis stille nabyheid!

Kom ons maak hierdie jaar elke dag tyd om stil te word by die Here, nie om daardeur te wag vir dinge wat moet gebeur en antwoorde wat moet kom nie, maar sommer maar net om te wag op die Here

GEBED:

Almagtige God, ek luister
My woorde is vandag min
Dis wagtyd in U voorhowe
Dis rustyd aan U voete
Praat met my in stilte
In Jesus se Naam
Amen

Ds Leon Tait



Verspreiders van Jesus-liefde

Jesus-liefde (omgee) het soos 'n groot tsunami-golf die wêreld getref. Jesus se liefde het lewens een na die ander verander. Die goeie nuus is dat Jesus-liefde nog steeds lewens en mense verander, een op 'n keer.

Willie, wat op die langpad was, het baie honger gou by die dorpie Stella 'n lekker gebraaide hoender gekoop. Met die wegneem gebraaide hoender het hy net anderkant Stella onder 'n boom stilgehou om die hoender te versind. Pas gestop onder die koelte boom, kom 'n ou man sukkelend nader tot by die oop venster met die woorde: *meneer, ek bid al drie dae vir 'n stukkie kos. Het u enige kos waarmee u my kan help?* Willie, wat skreeu-honger was het ervaar dat die Heer op sy hart lê om hierdie man te help. Sy gebraaide hoender gee hy toe vir die ou honger man. Hierop antwoord die man dankbaar: *U was vandag die antwoord op my gebed.* Met hierdie wete en lied in die hart het Willie verder gery: *vandag was ek die antwoord op iemand se gebed!* Deur Jesus-liefde uit te deel word ons die antwoord op ander se noodroep! Ken jy hierdie vreugde?

Martin het gehoor hoe een van die dogters in sy klas, Amanda, vanweë finansiële omstandighede by die huis, nie saam op toer kan gaan met die eerste hokkiespan nie, al was sy een van die sterre. Toe hy met die Here oor Amanda en haar omstandighede praat het die Heer op sy hart gedruk om haar te help. Martin, was baie kreatief met sy fondsinsamelings vir Amanda. Self het hy dubbel die getal koerante elke oggend voor skool gaan afluier. Hy het borge genader en ander klasmaats gemotiveer om te help. Die dag toe die deposito vir die toer betaal moes word het Martin dit inbetaal. Sy onderwysers was so aangedaan dat die skool deur 'n spesiale projek die uitstaande toergeld voorsien het. Een persoon het deur Jesus-liefde tasbaar te versprei, 'n groot verskil gemaak. Jy en ek kan ook!


>>> Na bladsy 2



IN HIERDIE UITGAWE:

Taakspan vir Gebed	3
Taakspan vir Lidmaatskap	4
Nuwe Intrekkers	6
Stilte is die antwoord	12

Martie het by die kantoor op Wilna afgekom waar sy in die kleedkamers huil oor huweliksprobleme wat sy tans in haar huwelik ervaar. Martie het met Jesus-liefde vir Wilna begin omgee. Gereeld het Martie saam met haar koffie gaan drink, bemoedig asook saam met haar gebed. Wilna het met die ondersteuning van Martie volhard om haar man met Jesus-liefde te dien. Wilna se man het uiteindelik ingestem vir berading. Wilna en haar man het aan die voete van Jesus weer mekaar gevind. Vandag word hul verhouding gekenmerk deur mekaar te dien met Jesus-liefde. Oral om hul versprei hul nou Jesus-liefde deur hul voorbeeld en heel huwelikverhouding. Alles deur een persoon, Martie wat vir Wilna met Jesus-liefde ondersteun en bemoedig het. Hoeveel ander Wilna's en manne, rondom ons, wat stukkend is oor huweliksprobleme, het ons ondersteuning en aanmoediging met Jesus-liefde nodig ?



Kom ons kies om verspreiders van Jesus-liefde te word!
Jesus-liefde is aansteeklik!

Ds Leon van Heerden



- ♦ 11 Maart: Gesamentlike Kinderdiens & Gemeente-tee
- ♦ 21 Maart: Menseregtedag (Vakansiedag)
- ♦ 25 Maart: Doop
- ♦ 30 Maart: Skole sluit

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Kontak Ernst by 083 656 4992

HERSTEL VAN KLERE: As jy jou stukkende klere wil laat herstel of laat verstel kontak Rita by 012 335 5139 / 083 242 7029

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadje adverteer! Skakel Ilze @ 072 111 3100



2011 Kersspel

MUSTERION BOEKERY—BOOK EXCHANGE

Hier is ongeveer 12 000 boeke. Afrikaanse of Engelse fiksie, romantiese en historiese fiksie, westerns, Christelike boeke, nie-fiksie en handwerkbouke word hier aangehou.

U sal u gunsteling heelwaarskynlik hier vind.

Boeke kan omgeruil of gekoop word teen baie billike pryse.

Die boeke wat ingeruil word moet asb. volledig, skoon en in 'n goeie toestand wees.


Kontak persone: **Willa Olivier - 082 737 3391 of 073 419 8292**

Stefaans Olivier - 082 773 7058

Adres: 20ste Laan 624

Rietfontein

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI!



KERSSPEL 2011

Hier volg 'n kort opsomming oor die storie van NG Rietfontein-Suid se 2011 Kersspel:

Bertus, 'n jong student, bekom 'n beurs om vir 'n jaar in Parys, Frankryk te studeer. Sy Pa is woedend en jag hom weg. Sonder enige geld en heenkome bevind hy hom in Parys en bly hoofsaaklik saam met boemelaars om te oorleef.

Hy bereik egter beroemdheid na sy studies en doen seminaars en werksinkels oral in die wêreld.

Hierdie Kersfees beland hy in Jerusalem en dan ook in Betlehem. Omdat hy vergeet het om blyplek te bespreek, is daar vir hom geen akkommodasie nie. Mismoedig bevind hy hom dan in 'n park by 'n klompie boemelaars. Een boemelaar, Vasco, neem hom na 'n herberg. Hy raak bevriend met die boemelaar en vind uit dat hy in werklikheid 'n sendeling onder die boemelaars is.....

ROLVERDELING:

BERTUS: DJ Muller

VASCO (sendelign onder die boemelaars): Andy Swart

SARA (Vasco se vrou): Ingrid

PIETER (Bertus se Pa): Admill

DANIE (Vriend van Bertus): Stefan

NINA (Bertus se suster): Liza-Mari

BOEMELAARS: Wilhelm, Sabine, Liza-Mari, Hattingh, Jenny, Dalene, Tersia, Ria, Chrissie, Blackie, Chris, Gerda, Blanche

As ek jy was, sou ek my tot God wend en my saak aan Hom voorlê. Wat God doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder. - *Job 5: 8 - 9*

If today were perfect, there would be no need for tomorrow!

Taakspan vir Gebed

Gebedsgroepe is getaak om te bid vir spesifieke versoeke, onder andere die versoeke wat uit die mandjies kom wat voor in die kerk is, versoeke van selgroepe, noodlyn, jeug en volwassenes.

Die gebedsgroep is:

Vrydae oggend 5h00, Selgroepe, Gebedskring- Sondag 17h00 en Voor die dienste Sondag oggende en aande in gebedskamer.

Ons wil dan die volgende aksies weer onder julle aandag bring:

Gebedsmuur: 24/7 gebed vir ons gemeente spesifiek.

Hiervoor benodig ons 168 mense wat sal bid elk vir n uur per week; as jy instem om 'n sekere tyd te bid, moet jy daarby hou.

Hierdie voorstel was op die bord in die kerk; daar is so muur in die gebedskamer en agter in die kerk by een van die deure.

Sal u asb hiervoor "commit" en sodoende deel wees van 'n muur van gebed vir beskerming van ons gemeente teen die vyand.

Ons wil ook vir almal dankie sê wat verlede jaar deelgeneem het aan "one day in the gap" enisiatief van Jerigo mure. Ons sal weer die jaar deelneem in Maart, en daar sal inligting uitgegee word by die kerk in die verband.

Daar is twee geleenthede die jaar waar ons graag op gebed wil fokus; moet dit asb nie misloop nie:

- ♦ Pinkster (gebedsfokus) Hooftema Met Christus in die skool van gebed. Gerhard du Toit is die spreker tydens Pinkster.
- ♦ 40 dae. Die volgende aksie is genoem = Afskop, Reklamespan, Omgeegroepsan, Veldtogleier, **Gebedspan**, Erediensan (Rom. 12)

*Ons wil ook hiermee 'n dringende versoek doen op mense wat op enige gebedslys is, dat hulle hulle nuwe inligting asb sal deurgee, indien dit verander het.

Daar is dan ook in Februarie gebedsgeleenthede direk na die dienste op Sondag vir die verskillende taakspanne en aksies in ons gemeente.

Gebedstaakspan:

Voorsitter: Karin van Schalkwyk 0825696590

Onder voorsitter: Elzette Muller 0721842737

Skriba: Zelda Becker 0720760270

Tannie Alet Briers 0796809255

Jeug: Christell Lammertyn 0724851460



TAAKSPAN VIR LIDMAATSKAP

HOEKOM IS LIDMAATSKAP BELANGRIK?

Die vraag word heel dikwels gevra: "Waarom moet 'n gelowige, 'n lidmaat van 'n gemeente wees?" 'n Mens kan 'n "duisend redes" aanvoer waarom hulle nie kerk toe wil gaan, of selfs waarom hulle nie lidmate van 'n gemeente wil of kan wees nie.

Om deel te hê aan die Liggaam van Christus is een van die grootste voorregte waaroor 'n gelowige kan beskik – Hoor net wat sê die Psalmidiger in Ps.84 en ek haal net gedeeltes van hierdie pragtige Psalm aan ~ *Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige! 3 Ek smag van verlange na die tempel van die Here;5 Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. Sela 6 Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel toe gaan.... 11 Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liever by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God.* En omdat dit so 'n geweldige voorreg, maar ook 'n veilige hawe is vir gelowiges, kom die Hebreërskrywer en gee hy aan elke gelowige die volgende opdrag in Heb 10:24-25 ~ *Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekoms van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

Dit is belangrik om net kortliks vir mekaar iets oor Kerkwees te sê:

- ♦ Die Kerk is **NIE** 'n los affiliasie van mense wat naastenby dieselfde godsdienstige oortuigings huldig nie – die kerk is dus nie 'n sosiale klub nie.
- ♦ Die Kerk is **NIE** 'n gebou nie. 'n Kerkgebou is bloot net 'n plek of gebou waar gelowiges byeen kom om te aanbid.
- ♦ Die Kerk is **NIE** 'n organisasie of besigheid wat ingestel is op winsbejag nie.
- ♦ Die Kerk **IS WEL**, 'n gereelde byeenkoms van mense wat bely dat hulle gered is deur God se genade alleen, ter wille van Sy eer en geloof alleen, in Christus alleen.
- ♦ Die Kerk **IS** 'n plaaslike, lewende en liefdevolle versameling van mense wat toegewyd is aan Christus en mekaar.
- ♦ Die Kerk **IS** 'n weerspieëling van God se liefde, heerlikheid en wysheid (Joh.3:16; Ef.3:10).

Lidmaatskap is dus bedoel vir gelowiges Dit is vir mense wat 'n persoonlike verhouding met die Here het en opreg strewe om elke dag Jesus sigbaar te



Omgeegroepes

Ons gee om.

TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE



Omgeegroepes

Ons gee om.

VISIE: Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Vier Gawes: LIEFDE, HOOP, VREDE EN VREUGDE.

LIEFDE

HOOP

VREDE

VREUGDE

LIEFDE: Die karakter van mense wat omgee
God is liefde.
"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" (Joh 13:35)

HOOP: Die karakter van mense wat glo
Om werklik te kan hoop, teen alle omstandighede in, is alleen moontlik as God jou nuut gemaak het, as God aan jou 'n lewende hoop gegee het (1 Petrus 1:3)

VREDE: Die karakter van mense wat kommervry leef
U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. (Psalm 16:11)

VREUGDE: Die karakter van mense wat in God se beloftes rus
Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, sê die Here, wat jou liefhet. (Jesaja 54:10)

Gedurende die Kerstyd was die vier woorde redelik volop sigbaar. Mag dit ons inspireer om die vier gawes ten volle uit te leef in ons Omgeegroepes en mag ons die liefde, hoop, vrede en vreugde ervaar gedurende hierdie jaar wat ons gaan verryk en ons geloof verdiep om meer en meer deur omgee, mekaar te help en ondersteun, te groei tot gehoorsame navolgers van Christus.

"LIEFDE is die een skat wat vermenigvuldig deur deling"

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:
Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



maak in hul lewe deur gehoorsaamheid aan Sy Woord.

Deur jouself te vereenselwig met 'n gemeente deur middel van lidmaatskap, laat jy deur so 'n optrede blyk dat jy van voorneme is om jou toe te wy aan Jesus Christus en die gemeente, deur gereelde bywoning van die onderlinge byeenkomste; deur jou gereelde bydraes; deur jou diensbaarheid; deur gebed. Ons maak dus deur ons lidmaatskap bekend dat andere op ons kan staatmaak; dat andere van ons lojaliteit en ondersteuning en gebed en diensbaarheid kan verwag. Ons sê deur ons lidmaatskap dat ons uitverkoop is aan Jesus Christus, ons Persoonlike Saligmaker en Verlosser – in kort, ons tree toe tot 'n verbondsverhouding met ons medegelowiges. Ons word dus nie lidmaat om te ontvang nie, maar om volkome en onvoorwaardelik te kom gee.

Ons kan vir medegelowiges wat nie lidmaat van 'n gemeente is nie, vra: *Met wie assosieer jy? Die wêreld? Indien nie, waarom "hys jy nie jou vlag" en word deel van 'n gemeente, sodat mense kan sien by Wie jy kies om te staan?*

Die Bediening vir Lidmaatskap bestaan tans uit een taakspan; die Taakspan vir Lidmaatskap. Die taakspan het twee prioriteite vir 2012 gestel, naamlik die inskakeling van nuwe lidmate en die toerusting van lidmate. In hierdie verband bied die taakspan vier nuwe lidmate oriënteringsgeleenthede deur die jaar aan en word nuwe lidmate verwelkom. Lidmate kan ook die Netwerkkursus bywoon om sodoende hulle gawes te ontdek waarmee God hulle oproep tot diens in die gemeente. Gedurende 2012 word 'n Geestelike Groei opleidingsgeleetheid beplan wat handel oor geloofsekerheid en –groei asook getuieis en rentmeesterskap. Belangstellendes is welkom om met die taakspanleier vir Lidmaatskap, Rita Conradie (083 242 7029), of die Bedieningsleier: Lidmaatskap, Gert Kok (072 120 2952) te skakel vir meer besonderhede. 'n Opsomming van die jaar se aktiwiteite deur die taakspan vir Lidmaatskap word hiermee deurgegee.

Aktiwiteit	Datum
Nuwe Lidmate Oriëntering	7 Feb 2012, 17 Apr 2012 31 Jul 2012, 16 Okt 2012
Nuwe Lidmate Verwelkomingstee	12 Feb 2012, 22 Apr 2012 5 Aug 2012, 21 Okt 2012
Netwerkkursus	14 – 28 Feb 2012 23 Okt – 6 Nov 2012
Geestelike Groei Deel I	24 Apr 2012
Geestelike Groei Deel II	8 Mei 2012



NUWE INTREKKERS

Elsie v Tonder, Anna Els, Christie Laubscher en Lollie Kraft



Len en Marie Boshoff



Janina en Jacques Viiviers



Baie welkom aan die nuwe lidmate.



Johan, Amelia en Anelri Smit



Martin Alberts



Ralph, Leoni, Jane en Mia Gobey



Wilma Grobler



Robert & Laetitia Jeffery

Guillaume Luus, Louisa Thomson, Charmaine, Guillaume Jnr en Mare-Jaun Luus



Pieter en Maureen Rabie

